CURAMUS

VERENIGING VIR TUISONDERWYS / ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Notules van die Algemene Jaarvergadering
Datum: Saterdag 12 November 2005
Tyd: 14h00
Waar: Antipas Gereformeerde Baptiste Kerk, h/v Stead en Briscoe – straat, Queenswood, Pretoria.

1. **Opening**

Die voorsitter, Bouwe van der Eems, open met gebed en heet almal welkom.

2. **Byvoegings tot sakelys**

Daar is genoegsame lede teenwoordig om ‘n kworum te vorm.

Die bestuur stel ‘n mosie voor vir die afskaffing van ledegelde. Geen verdere sake word voorgestel vir die agenda nie.

3. **Presensielys en verskonings**

Drie verskonings is ingestuur. Dinkie en John Hyde, Frikkie Marx en Gideon Rossouw.

4. **Notule van die AJV van 2004**

Die notule word goedgekeur en onderteken.

Die voorsitter het ook ‘n Engelse weergawe van die notule gemaak en dit beskikbaar gestel.

5. **Sake voortspruitend uit die notule**

Die bestuur het ‘n mosie voorgestel vir die afskaffing van ledegelde vir die volgende redes:

- Die VTO kan sy missie uitvoer deur elke jaar ‘n AJV te hou
- Die VTO het nie ledegelde nodig om met sy lede te kommunikeer nie, aangesien kommunikasie deur die elektroniese media byna kosteloos is, en die administrasie van ledegelde ‘n enorme hoeveelheid tyd en geld vereis.
- Aangesien algemene inligting oor tuisonderwys algemeen beskikbaar is op die Internet, is daar geen noodsaak meer vir ‘n nuusbrief nie.

‘n Bespreking volg en die volgende punte word genoem, waaraan daar aandag aan gegee moet word as ledegelde afgeskaf is:

- Hoe lede wat anoniem wil bly gehanteer gaan word.
- In die verlede is inligting oor lede as vertroulik beskou en daar was vertroulike inligting wat net onder lede versprei is. Daar moet nagedink word oor hou die vertroulikheid van lede-inligting gehanteer gaan word.

Die mosie word deur die vergadering aanvaar.

‘n Bespreking volg oor hoe die missie van die VTO beter verwerklik kan word. Die volgende punte word genoem.

- Lede moet kan registreer op ‘n webwerf met ‘n databasis.

- Die webwerf moet dit moontlik maak vir mense in spesifieke geografiese gebiede om bymekaar uit te kom, sodat ondersteuningsgroepe in daardie gebiede kan vorm.
- Die bestuur moet meer pro-aktief optree om tuisonderrig aanvaarbaar te maak vir die regering.
- Die bestuur moet meer gereeld bymekaar kom om te bepaal of die doelwitte bereik is.
- Daar moet gekyk word of Yahoogroups gebruik kan word.

6. Finansiële verslag

Francois van Deventer verduidelik die Finansiele Verslag.

Die verslag word aanvaar.

7. Sekretarisverslag

Aangesien daar geen sekretaris is nie, is daar geen verslag van die sekretaris nie.

8. Voorsittersverslag

Bouwe van der Eems lees die voorsitter verslag. Die verslag word aanvaar.

9. Verkiesing van Bestuur

Bouwe van der Eems is bereid om aan te bly as voorsitter. Daar is geen ander voorstelle nie, en Bouwe bly dus aan as voorsitter.

Francois van Deventer is bereid om aan te bly as tesourier. Daar is geen ander voorstelle nie, en Francois bly dus aan as tesourier.

Francois van Deventer word ook genomineer en gesekondeer as sekretaris.

Aangesien die vereniging nie meer ledegelde hef nie, moet die grondwet van die vereniging moontlik verander word om die tesourier af te skaf.

10. Afsluiting

Bouwe van der Eems sluit die vergadering af met gebed.

GETEKEN

VOORSITTER TESOURIER